Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
*(Noord-Kaapse Afdeling)*

Saakno: K/S 3/04
Datum verhoor: 07/06/2004
Datum Gelewer: 15/06/2004

In die saak van:

**DIE STAAT**

*teen*

**KOOS MOUERS**
**BESKULDIGDE**

# VONNIS

**GOLIATH WnR:**

U is skuldig bevind aan moord deurdat u op 30 Januarie 2004 te Kannastraat, Hopetown wederegtelik vir Arrie Malgas gedood het deur hom met `n mes te steek. Die Strafwysigingswet 105 van 1997 verplig die hof om aan u vandag die minimum vonnis soos in daardie wet voorgeskryf op te lê as wat in daardie wet voorgeskryf word, tensy ek tevrede is dat daar dwingende en wesenlike omstandighede bestaan.

Die misdaad waarin u skuldig bevind is val binne die kategorie misdrywe vermeld in Deel 2 van die bylae van daardie wet, wat die hof verplig om aan u `n minimum vonnis van 15 jaar gevangenesstraf op te lê. In u geval is u `n tweede oortreder en artikel 51 (2) van die wet verplig die hof om u gevangenesstraf vir `n tydperk van minstens 20 jaar op te lê.

Vervolgens moet die vraag beantwoord word of daar wesenlike en dwingende omstandighede in u geval aanwesig is wat my sou regverdig om `n mindere vonnis as die voorgeskrewe minimum vonnis op te lê. Die term wesenlike en dringende omstandighede het nie `n vaste definisie nie en daar was aanvanklik baie onsekerheid oor hierdie begrip. Die Appèlhof het egter in ***S v Malgas*** 2001(2) SASV 112 die nodige riglyne neergelê op bladsy 123 B:

*"If the sentencing court on consideration of the circumstances of the particular case is satisfied that they render the prescribed sentence unjust in that it would be disproportionate to the crime, the criminal and the needs of society so that an injustice would be done by imposing that sentence it is entitled to impose a lesser sentence."*

Die Appèlhof het verder gesê dat die Howe moet maar steeds voortgaan en na die gewone faktore kyk soos die aard en erns van die misdaad, u persoonlike omstandighede en die belange van die gemeenskap. Die hof moet dan tot `n gevolgtrekking kom of die voorgeskrewe vonnis gepas is of nie. Indien die hof dus bevind dat `n onreg sal geskied om u die minimum vonnis op te lê, is die hof geregtig om in te meng en `n ligter vonnis op te lê.

Adv. De Nysschen het die hof toegespreek en die hof versoek om te bevind dat daar nie wesenlike en dwingende omstandighede is nie. Sy het verwys na die Malgassaak op 481 g waar as volg gesê is:-

*"What stands out quite clearly is that the courts are a good deal freer to depart from the prescribed sentenced that has been supposed in some of the previously decided cases and that it is they who are to judge whether or not the circumstances of any particular case are such as to justify departure. However, in doing so, they are to respect, and not merely pay lip service to, the Legislature's view that the prescribed periods of imprisonment are to be taken to be ordinarily appropriate when crimes of a specified kind are committed."*

Die Staat het verder verwys na die volgende uit die Malgassaak op 481j:

"g Unless there are, and can be seen to be, truly convincing reasons for a different response, the crimes in question are therefore required to elicit a severe, standardised and consistent response from the courts. The specified sentence are not to be departed from lightly and for flimsy reasons"

Wat u persoonlike omstandighede betref blyk dit dat u tans 34 jaar oud is. U is in `n saamleefverhouding sedert 1990 en het een kind wat 9 jaar oud is. U het standard 3 voltooi op skool en was werksaam as `n draadwerker voor die voorval. U inkomste was R 450.00 wat u elke tweede week verdien het.

Mr Fourie het aangevoer dat die volgende aspekte wel as wesenlike en dwingende omstandighede kwalifiseer. Eerstens was u onder die invloed van alkohol tydens die pleging van die misdaad. Hy het aangevoer dat die feit dat hierdie `n sinnelose daad was wat gepleeg was teenoor u vriend, moet `n duidelike aanduiding aan die hof gee dat die alkohol u oordeelsvermoë moes beinvloed het. Mr Fourie voer verder aan dat daar slegs een wond toegedien was en dat indien die hof die voorgeskrewe vonnis sou oplê dit onbillik sal wees onder die omstandighede, soos beslis in die Malgas-saak.

Die hof het oorweging geskenk aan die argumente en vind die volgende aspekte uiters verswarend. Die feit dat u, u eie vriend met `n gevaarlike wapen sou gesteek het, blykbaar sonder enige motief, beteken dat hierdie eintlik `n sinlose misdaad was. `n Lewe was geneem sonder enige rede. Die oorledene het gelê en slaap voor hierdie noodlottige aanval op hom en hy was dus weerloos en onbewapen.

Verder is u nie `n eerste oortreder nie. U kriminele rekord strek sover terug as 1985 en die hof neem kennis dat voor 1994 die beskuldigde skuldig bevind was aan ses oneerlikheids misdade. Hierdie vorige veroordelings is dus nie so relevant vir die doeleindes van vonnis nie.

In 1994 is u egter skuldig bevind aan aanranding met die opset om ernstig te beseer waar u lyfstraf opgelê is. Dit blyk dat die vonnis die beskuldigde opgelê is toe hy nie meer langer `n jeugdige was nie. Op 4 September 1996 is u skuldig bevind aan moord en gevonnis tot 8 jaar gevangenesstraf. U is vrygelaat op parool in 2002. Hierdie misdaad is gepleeg op 30 Januarie 2004 terwyl u onder parooltoesig was. Indien u die volle termyn van 8 jaar uitgedien het, sou u op 30 Januarie 2004 nog in die gevangenes gewees het. Die feit dat u hierdie misdaad gepleeg het terwyl u op parool was is `n uiters verswarende aspek. Dit is duidelik dat die vonnis van 8 jaar nie die nodige effek op u gehad het om u te weerhou van misdaad nie. U was `n geleentheid gegee en vroeg vrygelaat, en u het dit nie benut nie.

Na my mening oorskadu die verswarende omstandighede die versagtende aspekte genoem deur u advokaat. Vervolgens bevind ek dat hier geen wesenlike en dwingende omstandighede aanwesig is nie en ek bevind dat dit nie skokkend onvanpas sal wees met inagneming van al die omstandighede om die voorgeskrewe minimum vonnis op te lê nie.

**Vervolgens word die beskuldigde as volg gevonnis:**

**20 Jaar gevangenesstraf**

______________

**P L GOLIATH**

**WAARNEMENDE REGTER**

**(Noord Kaapse Afdeling)**

| | |
|---|---|
| ADVOKAAT NAMENS STAAT: | Adv A. De Nysschen |
| ADVOKAAT NAMENS BESKULDIGDE: | Adv T. Fourie |
| DATUM VAN VERHOOR: | 07/06/2004 |
| DATUM VAN UITSPRAAK: | 11/06/2004 |
| DATUM VAN VONNIS | 15/06/2004 |